



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

VEILIGHEIDSRIGLYNE

T.O.V. KLINIESE OPLEIDING IN DIE GEMEENSKAP

INHOUDSOPGAWE

- 1. ALGEMENE INLIGTING**
- 2. VEILIGHEIDSRIGLYNE**
- 3. RAPPORTERING VAN INSIDENTE**
- 4. PROTOKOL TOV SKERPVOORWERPBESERINGS**
- 5. BYLAE**
 - A Gedragskode**
 - B Vorms vir die rapportering van insidente**
 - C Profilakse fonds vir voorgraadse studente blootgestel aan naaldprikbeserings en geïnfecteerde liggaamsvloeistowwe**

1. ALGEMENE INLIGTING

Die veiligheid van studente en personeel van die Universiteit van Stellenbosch (US) geniet altyd die hoogste prioriteit. Dit is die verantwoordelikheid van elke student en personeel om toe te sien dat die veiligheidsmaatreëls en –riglyne altyd noukeurig nagekom word. Aangeheg is riglyne wat opgestel is deur die Voorgraadse Programkomitee (KVO) in konsultasie met die Universiteit se Regsdienste, Versekeringsafdeling sowel as Alexander Forbes Risikodienste. Navorsing is gedoen in al die areas waar ons studente/personeel betrokke is by gemeenskapsdiens ten einde te verseker dat die riglyne aanvaarbaar en toepaslik is. Die aanbevelings van gemeenskappe is ingesluit in hierdie riglyne.

Elke personeel en student is verantwoordelik vir die reël van **persoonlike versekeringsdekking**, wat onder andere die volgende insluit: persoonlike ongelukke en mediese dekking, persoonlike besittings/eiendom, insluitende enige voertuig.

Indien ander bystand/ondersteuning (bv Medies, tandheelkundig, psigiatrisiese dienste ens) benodig word in die uitvoering van sy/haar pligte tydens opleiding en verskaffing van gemeenskapsdienste, sal die Fakulteit en/of US die individu sover moontlik bystaan.

Indien nalatigheid bewys sou word teen die betrokke persoon tydens die uitvoering van sy/haar pligte in opdrag van die US of in uitvoering van pligte tydens opleiding en verskaffing van dienste, is die betrokke personeel en dus die Universiteit aanspreeklik.

Hierdie bepaling geld vir studente en werknemers van die US (ingesluit tydelike/deeltydse werknemers). Vrywillige werkers, wat nie 'n ingeskrewe student of werknemer van die US is ten tyde van verrigting van diens nie, geniet geen beskerming nie.

2. VEILIGHEIDSRIGLYNE



2.1 VERVOER

- Magnetiese identifiserende kentekens word deur die Fakulteit verskaf en is beskikbaar by die betrokke Departement/Afdeling of by die Logistieke Koördineerder: UKWANDA. Studente wat per motor reis binne die gemeenskap **moet** te alle tye hierdie kentekens duidelik sigbaar op die motor vertoon. Kentekens moet verwyder word sodra die motor geparkeer word.

- Studente word aangemoedig om navraag te doen by die betrokke departementele koördineerder oor beskikbare Fakulteitstudentevervoer vir selfbestuur asook Fakulteitspendeldienste na vasgestelde roetes vir kliniese doeleindes.
- Gestandaardiseerde roetekaarte na klinieke of ander instansies sowel as die nodige telefoonnommers is beskikbaar by die Departement/Afdeling. Studente word sterk aangeraai om hierdie voorgestelde roetes sover moontlik te volg.
- Indien die studente by 'n afgeleë plasing praktika verrig, en die dosent nie die veiligste roetes ken nie, moet die student voor plasing ingelig word om self kontak te maak met die betrokke kliniek of ander instansie om die voorgestelde voorkeuroetes uit te vind.
- Aan die einde van 'n blok is elke groep studente verantwoordelik om te verseker dat die magnetiese identifiserende kentekens en roetekaarte oorhandig word aan die volgende groep studente of die Departement/Afdeling.
- Indien daar enige probleme sou voorkom terwyl die student in die gemeenskap werksaam is, moet hy/sy onmiddellik die naaste polisiestrasie kontak en navraag doen oor die veiligste/voorkeuroete om die gebied te verlaat.
- Studente moet nooit alleen tuisbesoeke doen nie en verkieslik nie alleen na gemeenskapsplasings reis nie. Studente mag slegs alleen reis met die toestemming van die betrokke personeel.
- Motordeure moet altyd gesluit gehou word en items van waarde, bv handsakke, beursies en selfone, moet altyd buite sig gehou word. Waar moontlik, moet toesluit fasiliteite by die kliniek of ander instansie voorsien word. As hierdie nie beskikbaar is nie, sorg dat alle waardevolle/belangrike items buite sig is, en verkieslik in die bak van 'n motor, toegesluit is.
- Parkering moet binne die gronde van die kliniek of ander geboue, of so na as moontlik aan die betrokke werksplek plaasvind.



2.2 **KOMMUNIKASIE**

- Elke groep studente moet in besit wees van hul eie sellulêre telefoon . Die volgende telefoonnommers moet, *waar toepaslik*, beskikbaar wees vir studente, waar toepaslik, en indien moontlik op die selfoon gestoor word:
 - Blitspatrolie - **10111**
 - naaste polisiestrasie
 - ander polisie skakelpersone
 - gemeenskapskakelpersoneel
 - betrokke departement/afdeling by die Tygerbergkampus
 - betrokke gesondheidskliniek, of ander “basis”

- kliniese toesighouers of betrokke dosent
- Tygerbergkampus: Beskermingsdienste – noodnommer/na ure – **021 9389500 of 021 9389507**

Hierdie telefoonnommers moet ook by die departementele sekretaresse of administrasiebeampte beskikbaar wees.

- Selfoon moet te alle tye aangeskakel en byderhand wees, **maar buite sig**, indien die dosent of ander skakelpersoon dringend kontak met die student moet maak. Selfoonnommers moet met oorleg aan derde partye gegee word.
- Die betrokke dosente asook die departementele sekretaresse moet in besit wees van die telefoonnommers en selfoonnommers van die studente waar hulle in die gemeenskap werksaam is.
- Indien daar ooit twyfel bestaan oor die veiligheid in 'n area, moet die plaaslike polisiestase of ander skakelpersoon gekontak word. Indien nodig moet die persone so gou as moontlik met die veiligste/voorkeuroete die area verlaat en die betrokke dosent daarvan in kennis stel.
- Indien daar 'n tydelike gevaar vir studente in sekere areas bestaan (bv polities van aard - voor 'n verkiesing), moet alternatiewe maatreëls vir die voltooiing van die betrokke gedeelte van hul kliniese opleiding getref word.
- Dit is die verantwoordelikheid van studente om bogenoemde telefoonnommers in te programmeer op hulle privaatselfone.



2.3 TUISBESOEK

- Studente mag *nooit* alleen tuisbesoeke doen nie. Waar moontlik, moet 'n verantwoordelike persoon die studente tydens tuisbesoeke begelei.



2.4 IDENTIFIKASIE

- Persoonlike identifikasie moet te alle tye sigbaar wees en behoort in die vorm van naambordjies (naam en van, professie) en die Universiteitskenteken en 'n ID foto (studentekaart) te wees.
- Plakkate wat die spesifieke uniforms wat deur die verskillende dissiplines gedra word sal deur die Fakulteit beskikbaar gestel word en in alle klinieke en ander instansies waar personeel en studente diens lewer opgesit word.
- Studente en personeel behoort hulself hoflik aan elke pasiënt en personeellid van die kliniek of ander instansie voor te stel (Bylae A – Gedragskode).

3. RAPPORTERING VAN INSIDENTE (Bylae B)

- Vorms vir die gebruik van studente om insidente te rapporteer (Bylae B), is beskikbaar in die studiegids sowel as op die relevante webwerwe. Hierdie vorms moet op die eerste werksdag na die insident by die betrokke dosent ingehandig word.
- Die voltooide vorm moet met 'n dekbrieff deur die uitvoerende departements-/afdelinghoof/modulevoorsitter aan die Fakulteitsekretaris: Vir aandag: Die Voorsitter, Komitee vir Voorgraadse Onderrig, gestuur word.
- Die betrokke programkomitee moet ook die insident by wyse van 'n mededeling in hul rapport aan die KVO rapporteer
- Die uitvoerende departements-/afdelinghoof/modulevoorsitter moet waar toepaslik, ook die volgende persone verwittig:
 - Beskermingsdienste by die TBH kampus
 - Studentesake, US
 - Polisie
- Indien 'n *personeellid* aan diens beseer word, is die volgende vorm beskikbaar of by die departementshoof, of by Menslike Hulpbronne:
 - Werkgewer-verslag van ongeluk W.CL.2 (E)

4. PROTOKOL T.O.V. SKERPVOORWERPBESERINGS / KUTANE EN MUKOSALE BLOOTSTELLING AAN BLOED OF INFEKTIEWE LIGGAAMSVLOEISTOF

Die protokol behels die prosedures van toepassing indien die student werksaam is in **Tygerberg Hospitaal (TBH)** sowel as die student by **dienste buite** TBH betrokke is.

Die inisiële profilakse medikasie is beskikbaar by alle opleidingsentra.

- ◆ Was die letsel onmiddellik en deeglik af met seep en water.
- ◆ Stel onmiddellik u toesighouer, (hetsy Suster in Bevel, Kliniese Assistent, Konsultant of ander) in kennis. Hierdie persoon moet die insident evalueer, sowel as 'n risikobepaling doen met betrekking tot die besering.
- ◆ Verkry (na ingeligte toestemming) 'n bloedmonster (5 ml gestolde bloed in volwassenes en 0.5 ml vir neonate) van die bron (pasiënt).
- ◆ Voltooi die "Skerpvoorwerpbeseringsvorm" soos beskikbaar by TBH beroepsgesondheid (C8A wes), F1 na ure en by ander gesondheidsentra.
- ◆ Meld tesame met die pasiënt se bloedmonster en volledig voltooide vorm by Beroepsgesondheid C8A wes aan op weksdae tussen 07h00–16h00; of Saal F1 na-ure as u werksaam is op die perseel. In gevalle waar blootstelling buite TBH plaasgevind het, volg die protokol van die fasiliteit waar u werksaam is, waarna u so gou moontlik by C8A wes of F1 aanmeld.

- ◆ Na volledige voortoetsberading, sal u eie bloedmonster hier (C8A Wes/F1) getrek word vir beide MIV en Hepatitis B/C toetsing (soos toepaslik).
- ◆ Afhangende van die risiko van die besering sal 'n besluit oor die na-blootstelling (antiretrovirale) profilakse ('starter pack') geneem word. MIV profilakse moet verkieslik binne 1 uur (maksimum 4 ure) na blootstelling begin word (hoe vroeër, hoe beter!). Die effektiwiteit van profilakse neem af hoe langer daar gewag word. In gevalle waar meer as 36 uur verloop het moet 'n kundige (Infeksiesiekte Spesialis of Viroloog) geraadpleeg word.
- ◆ Rapporteer aan die Kampusgesondheidsdienskliniek (KGD) (Kamer 3035; tel 021 938 9590) in die Tygerberg Studentesentrum op die eerste werksdag na die besering as u profilakse gebruik.
- ◆ Na die ontvangs van die uitslag van die bloedmonsters van beide die student en die bron sal 'n besluit geneem word deur die KGD geneesheer tesame met die student of daar voortgegaan moet word met die na-blootstellingsprofilakse, al dan nie.
- ◆ In gekompliseerde gevalle (bv. waar die pasiënt [bron] alreeds op antiretrovirale middels is) sal na-blootstellingsprofilakse in oorleg met 'n konsultant by volwasse infeksiesiektes of virologie geskied.
- ◆ Indien u enige probleme ondervind, kontak die TBH Beroepsgesondheidskliniek (021-938 6173) of die Volwasse of Pediatriese Infeksiesiektes konsultant deur die hospitaalsentrale (021-938 4911) of Viroloog (tel 021-938 9353 of bleeper 589).

Insake Hepatitis B immunisasie

- ◆ Dit is elke student se eie verantwoordelikheid om te verseker dat hy/sy volledig teen Hepatitis B virus (HBV) immuniseer is. Hierdie diens is beskikbaar by die KGD. Daar word van studente verwag om bewys van immuniteit teen die einde van die eerste jaar van studie by die Kampusgesondheidskliniek in te lewer.
- ◆ Dit word ook aanbeveel dat studente elke 5 jaar 'n skraagdosering ontvang.

Indien verdere inligting verlang word, kontak die Kampusgesondheidsdiens (tel 021 938 9590).

PROTOKOL VIR HIV, HEPATITIS B & C POST BLOOTSTELLING OPTREDE

Inisiële toetsing	<i>Bron (pasiënt)</i>	HIV	Hepatitis B	Hepatitis C	sifilis
	<i>GW</i>	√ antiliggame*		√ antiliggame	√ RPR
Sekondêre toetsing (<24 uur) en optrede		Bron: HIV negatief-geen verdere optrede Bron: HIV positief: Beseerde se bloed word vir HIV getoets: indien beseerde negatief is: gaan voort met profilakse, andersins doen na-toets berading	Indien die beseerde immuun: geen verdere optrede. Indien die beseerde nie immuun, word die bloed van die bron getoets vir HBsAg: indien dit positief is word PBP gegee: HBV hiperimmunoglobulien IMI en HBV entsof in die ander deltoied. Versnelde inentingskedule (4 weke en 12 weke volg hierop) Nie-immuun, nie blootgestelde gesondheidswerkers ontvang skragingsdosis inenting	Indien die bron positief is word die beseerde soos hier onder opgevolg. Andersins geen verdere optrede.	Indien bron positief: behandel beseerde met penisillien
Opvolgtoetsing (in gevalle van bewysde blootstelling of na hepatitis B inenting)		MIV-antiliggame: 6 weke; 3/12 en 12/12	Anti-HBs (en HBs-Ag indien blootgestel) vir alle nie-immuun GW teen 3/12 en 6/12 na kontak .	Lewerfunksietoetsing en HCV-AI'e 3/12 en 6/12 na kontak	Geen
GW: Gesondheidswerker PBP: Post blootstellingsprofilakse Bron: Pasiënt					

* In geval van hoë risiko pasiënt, hoë insidensie van HIV of simptome en tekens van HIV serokonversiesiekte word 'n PKR aanbeveel. Selfs met die 4'e generasie ELISA toetsing wat tans gebruik word is daar steeds 'n ongeveer 1 week infektiewe diagnostiese vensterperiode.

21 Feb 06 (opgedateer deur MR de Villiers) 25 Okt 2011 (opgedateer deur D Lynch)